



Norm Laerskool Fairland

(Hersien Februarie 2018)



Inhoudsopgawe Norm 2018

	Bladsy
Akademie	1 – 2
Sport	3 – 7
Kultuur	8 – 12



AKADEMIE

(Hersien Februarie 2018)

Die norm is gebaseer op die volgende beginsels:

GRAAD R - GRAAD 3

1. Geen formele toekenningsgeleentheid vind plaas nie.
2. 'n Leerder sal 'n sertifikaat en 'n vorderingsverslag aan die einde van kwartaal 4 ontvang.

GRAAD 4 - GRAAD 7:

Gr. 4 - gr. 6 se akademiese toekennings sal tydens 'n akademiese toekenningsgeleentheid in die daaropvolgende jaar toegeken word. Gr. 7 se akademiese toekennings sal aan die einde van hul gr. 7-jaar toegeken word tydens die gr. 7-toekenningsaand.

'n Leerder kan slegs een lapbalkie vir akademie per jaar ontvang.

SLEGS DIE HOOGSTE TOEKENNING WORD GEMAAK.

TOPPRESTEERDER – METAALBALKIE:

Dit word kwartaalliks by 'n saalbyeenkoms aan alle leerders wat in gr. 4 - gr. 7 'n gemiddeld van 90% of hoër behaal het, toegeken. **GEEN AFRONDING WORD GEDOEN NIE EN DIE LEERDER MOET 90% OF MEER HÊ.**

Dit word ook jaarliks aan die toppresterder per graad (gr. 4 - gr. 7) toegeken op die toekenningsaand. Gr. 4 - gr. 6 word aan die begin van die daaropvolgende jaar tydens die akademiese toekenningsaand toegeken en die gr. 7's word toegeken op die gr. 7-toekenningsaand. Slegs die name van die toppresterders in die eerste posisie (gr. 4 - gr. 7) **volgens die promosiepunt word op die ererolbord aangebring.**

1. BALKIE:

Dit word jaarliks aan alle leerders in gr. 4 - gr. 6 met 'n gemiddelde promosiepunt (kwartaal 1 - 4) van 85% - 89.9% toegeken. Geen afronding word gedoen nie.

Dit word ook jaarliks aan alle leerders in gr. 7 met 'n gemiddelde jaarpunt (kwartaal 1 - 3) van 85% - 89.9% toegeken. Geen afronding word gedoen nie.

2. HALF-EREKLEURE EN EREKLEURE

Half-erekleure word aan die begin van die daaropvolgende jaar toegeken aan die gr. 4- tot gr. 6-leerders met 'n gemiddeld van 90% - 94,9% (bereken op die promosiepunt van die voorafgaande jaar).

Erekleure word toegeken aan alle leerders waarvan die gemiddeld 95% en hoër is (bereken op die promosiepunt van die voorafgaande jaar).

Indien 'n leerder vanaf gr. 4 - gr. 6 elke jaar half-erekleure ontvang het vir 'n gemiddeld bo 90% (bereken op promosiepunt), ontvang die leerder erekleure aan die begin van hul gr. 7 jaar.

Die top 5-leerders in gr. 7 (minimum vereiste 90% gemiddelde jaarpunt) ontvang erekleure. Alle gr. 7-leerders met 'n gemiddelde jaarpunt bo 95% ontvang erekleure. Alle gr.7-leerders met 'n gemiddelde jaarpunt van 90% - 94,9% ontvang half-erekleure. Die toekenning word tydens die gr. 7-toekenningsaand gemaak. Slegs die toppresterder in die eerste posisie volgens die promosiepunt word op die ererolbord aangebring.

TROFEË – AKADEMIE (Gr. 4 - gr. 6)

Dit word in die daaropvolgende jaar tydens die akademiese toekenningsgeleentheid toegeken.

Akademiese toppresterder	Graad 4 – hoogste persentasie (promosiepunt)
Akademiese toppresterder	Graad 5 – hoogste persentasie (promosiepunt)
Akademiese toppresterder	Graad 6 – hoogste persentasie (promosiepunt)
Akademiese toppresterder	Graad 4 – Graad 6

Indien meer as een leerder hierdie prestasie deel, word die trofee gedeel.

TROFEË – AKADEMIE (Gr. 7)

Vaktrofeë word toegeken aan die leerder met die hoogste persentasie (jaarpunt) in die betrokke vak.

Afrikaans
Engels
Wiskunde
Natuurwetenskap
EBW
Sosiale Wetenskappe
Skeppende Kuns
Lewensoriëntering
Tegnologie

Beste akademiese prestasie Graad 7 (Dux-leerder)

Akademiese toppresterders (Slegs gr. 7-leerders wat erekleure en half-erekleure ontvang.) –
SPECIALE MEDALJE WAAROP TOPPRESTERDER GEGRAVEER IS.

ALGEMENE TOEKENNINGS

Erekleure word toegeken aan die gr. 7-voorsitters.

BUITENGEWONE AKADEMIESE PRESTASIES

Daar sal tydens die akademiese toekenningsgeleentheid melding gemaak word van die hoogste/beste prestasie wat 'n leerder behaal het. (Met verwysing na olimpiades, wetenskap-ekspo, WOW-spelfees en ander aktiwiteite soos deur die skool gekoördineer). Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die stawende bewyse vir sodanige prestasies te lewer. Alle medaljes, trofeë en oorspronklike sertifikate in verband met sodanige prestasies moet by Leanie Taljaard ingehandig word ter verifikasie van prestasie. Slegs sertifikaat van hoogste/beste prestasie sal tydens toekenningsgeleentheid uitgedeel word – geen medaljes of trofeë sal uitgedeel word nie.

Spesifieke balkies kan verwerf word vir nasionale top 3 van WOW-spelfees, Wiskunde olimpiade (Goud verwerf tydens finale rondte) of soortgelyke akademiese geleentheid soos deur Laerskool Fairland gekoördineer.



SPORT

(Hersien November 2017)

Die norm is gebaseer op die volgende beginsels:

GRAAD R - GRAAD 3

1. Geen formele toekenningsgeleenthede vind plaas nie.
2. Indien 'n gr. 3-leerder 10 jaar oud is en in die o/10-ouderdomsgroep deelneem, sal die leerder wel erkenning hiervoor ontvang.

GRAAD 4 - GRAAD 7

1. Slegs leerders wat gedurende 'n kalenderjaar 10 jaar en ouer word, kom in aanmerking vir 'n toekenning.
2. 'n Leerder kan slegs een medalje vir 'n kode per jaar ontvang.
3. 'n Leerder kan slegs een balkie vir 'n kode per jaar ontvang.

Wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n medalje en 'n balkie word slegs die hoogste toekenning per kode gemaak. Dit is wel moontlik vir 'n leerder om bv. erekleure in krieket, half-erekleure in rugby en 'n balkie in tennis dieselfde jaar te verwerf.

'n Leerder kan half-erekleure of erekleure vir elke sportsoort binne skoolverband verwerf.

SPORT BINNE SKOOLVERBAND:

SA-span en/of Internasionale deelname	:	Erepenning
A-span: Provinsiaal	:	Erekleure
B-span: Provinsiaal	:	Half-erekleure
Provinsiale Toernooiwenners soos GISSA, Truida Kestell, Noord van Vaal, Goue Leeus, ens.	:	Erekleure
Provinsiale Toernooi-naaswenners soos GISSA, Truida Kestell, Noord van Vaal, Goue Leeus, ens.	:	Half-erekleure
A-span: Ligawenners	:	Balkie
A-span: Distrikspan	:	Balkie
B-span: Distrikspan	:	Medalje
B-span: Ligawenners	:	Medalje
C-span: Distrikspan	:	Medalje
C-span: Ligawenners	:	Medalje
D-span: Distrikspan	:	Medalje
D-span: Ligawenners	:	Medalje

SPORTSOORTE BINNE SKOOLVERBAND:

- Atletiek
- Rugby
- Netbal
- Krieket
- Tennis
- Landloop
- Skaak
- Hokkie
- Swem

SPORT BINNE SKOOLVERBAND:**A. ATLETIEK****GROEPPRESTASIES:**

i) Interlaerspan : Sertifikaat

INDIVIDUELE PRESTASIES:

SA-span en/of Internasionaal : Erepenning
 i) Provinsiaal : Erekleure
 ii) D10-span : Balkie
 iii) Deelname aan D10-kampioenskapbyeenkoms : Medalje

B. RUGBY**GROEP:**

i) A-span: Goue Leeus-wenners (o/10 - o/13) : Erekleure
 Goue Leeus-naaswenners (o/10 - o/13) : Half-erekleure
 ii) A-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) : Balkie
 iii) B-span: Streekligawenners (o/10 - o/11) : Medalje
 iv) 2de-, 3de- en 4de spanne: Streekligawenners (o/13) : Medalje

INDIVIDUEEL:

SA-span en/of Internasionale deelname : Erepenning
 i) A-span: Provinsiaal (o/13 en o/12) : Erekleure
 ii) B-span: Provinsiaal (o/13 en o/12) : Half-erekleure
 iii) A-span: Sentraalspan (o/12 en o/13) : Balkie
 iv) A-span: Sentraal-kliniekspan (o/11 - o/13) : Balkie
 v) B-span: Sentraal-kliniekspan (o/11 - o/13) : Medalje

C. KRIEKET**GROEP:**

- | | | | |
|------|---|---|---------|
| i) | A-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) | : | Balkie |
| ii) | B-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) | : | Medalje |
| iii) | 2de-, 3de- en 4de spanne: Streekligawenners | : | Medalje |

INDIVIDUEEL:

- | | | | |
|------|---|---|----------------|
| | SA-span en/of Internasionale deelname | : | Erepenning |
| i) | A-span: Provinsiale span (o/10 - o/13) | : | Erekleure |
| ii) | B-span: Provinsiale span (o/10 - o/13) | : | Half-erekleure |
| iii) | Gauteng-Noordspan (o/10 - o/13) | : | Balkie |
| iv) | A-span: Johannesburg Noordwesspan (o/10 - o/13) | : | Balkie |
| v) | B-span: Johannesburg Noordwesspan (o/10 - o/13) | : | Medalje |

D. NETBAL**GROEP:**

- | | | | |
|-------|---|---|----------------|
| i) | Nasionale toernooi (plekke 1 - 8) | : | Erekleure |
| ii) | Nasionale toernooi (plekke 9 - 16) | : | Half-erekleure |
| iii) | Gautengwenners (o/11- o/13) | : | Erekleure |
| iv) | Gauteng-naaswenners (o/11- o/13) | : | Half-erekleure |
| v) | A-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) | : | Balkie |
| vi) | B-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) | : | Medalje |
| vii) | C-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) | : | Medalje |
| viii) | D-span: Streekligawenners (o/10 - o/13) | : | Medalje |

INDIVIDUEEL:

- | | | | |
|------|---|---|----------------|
| | SA-span en/of Internasionale deelname | : | Erepenning |
| i) | A-span: Provinsiale span (o/12 en o/13) | : | Erekleure |
| ii) | B-span: Provinsiale span (o/12 en o/13) | : | Half-erekleure |
| iii) | A-span: Johannesburgspan (o/12 en o/13) | : | Balkie |

E. TENNIS – slegs binne skoolverband**GROEP:**

- | | | | | |
|------|-----------------------------|-------------------------|---|----------------|
| i) | A-spanne: Streekligawenners | Junior- en seniorspanne | : | Balkie |
| ii) | B-spanne: Streekligawenners | Junior- en seniorspanne | : | Medalje |
| iii) | A-spanne: Provinsiale span | | : | Erekleure |
| iv) | B-spanne: Provinsiale span | | : | Half-erekleure |

INDIVIDUEEL:

- | | | | |
|-----|--|---|----------------|
| | SA-span en/of Internasionale deelname | : | Erepenning |
| i) | TSA Rangleer soos op datum naaste aan Prysuitdeling (Junior/Senior) (Plek 1 - 32 behaal) | : | Erekleure |
| ii) | TSA Rangleer soos op datum naaste aan Prysuitdeling (junior/senior) (Plek 33 - 64 behaal): | | Half-erekleure |

F. LANDLOOP**INDIVIDUEEL:**

SA-span en/of Internasionale deelname	:	Erepenning
i) Provinsiale span	:	Erekleure
ii) D10-span	:	Balkie
iii) D10-Kampioenskapbyeenkoms	:	Medalje

G. HOKKIE**GROEP:**

i) A-span: Suid Gauteng-wenners (o/13)	:	Erekleure
Suid Gauteng-naaswenners (o/13)	:	Half-erekleure
ii) A-spanne: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Balkie
iii) B-spanne: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje

INDIVIDUEEL:

SA-span en/of Internasionale deelname	:	Erepenning
i) A-span: provinsiale span (o/12 en o/13)	:	Erekleure
ii) B-span: provinsiale span (o/12 en o/13)	:	Half-erekleure
iii) A-span: D10-span (o/11 - o/13)	:	Balkie
iv) B-span: D10-span (o/11- o/13)	:	Medalje

H. SKAAK**GROEP:**

i) A-span: Streekligawenners (o/10; o/12; o/14)	:	Balkie
ii) B-span: Streekligawenners (o/10; o/12; o/14)	:	Medalje

INDIVIDUEEL:

SA-span en/of Internasionale deelname	:	Erepenning
i) A-span: provinsiaal	:	Erekleure
ii) B-spanne: provinsiaal	:	Half-erekleure
iii) A-spanne: D10-span / Noordwesrandspan	:	Balkie
iv) B-, C- en D-spanne: D10-span / Noordwesrandspan	:	Medalje

I. SWEM**GROEP:**

i) A-spanne: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Balkie
ii) B-spanne: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje

INDIVIDUEEL:

Vir kort- of langbane (SSA Galas)

SA-span en/of Internasionale deelname	:	Erepenning
i) Vlak 3: 3 of meer SSA Vlak 3-tye (o/10 - o/13)	:	Erekleure
ii) Vlak 3: 2 SSA Vlak 3-tyd (o/10 - o/13)	:	Half-erekleure
iii) Vlak 2: 1 of meer SSA Vlak 2-tye (o/10 - o/13)	:	Balkie

TROFEë – SPORT

SKAAK:	Beste speler (o/11) Beste speler (o/13)
ATLETIEK:	Beste atleet o/10 (seun) Beste atleet o/10 (dogter) Beste atleet o/11 (seun) Beste atleet o/11 (dogter) Beste atleet o/12 (seun) Beste atleet o/12 (dogter) Beste atleet o/13 (seun) Beste atleet o/13 (dogter)
LANDLOOP:	Beste landloopatleet – seuns (o/10 - o/13) Beste landloopatleet – dogters (o/10 - o/13)
HOKKIE	Beste speler o/10 (dogter) Beste speler o/11 (dogter) Beste speler o/12 (dogter) Beste speler o/13 (dogter) Beste Juniorseun (o/10 - o/11) Beste Seniorseun (o/12 - o/13)
NETBAL	Beste speler o/10 Beste speler o/11 Beste speler o/12 Beste speler o/13
KRIEKET:	Beste speler o/10 Beste speler o/11 Beste speler 1e span
RUGBY:	Beste speler o/10 Beste speler o/11 Beste speler 1ste span
TENNIS:	Beste Juniordogter (o/10 - o/11) Beste Juniorseun (o/10 - o/11) Beste Seniorsdogter (o/12 - o/13) Beste Seniorseun (o/12 - o/13)

Tennis: Junior-/Seniorbeker

Die beker gaan aan die senior/juniorspeler wat die langste in die nr. 1 posisie vir die skool gespeel het. D.w.s. hierdie leerder het die grootste gedeelte van die jaar in die nr. 1 posisie vir die skool gespeel. Indien 'n juniorspeler besluit om vir die seniorwedstryde te speel, sal hierdie leerder **NIE** in aanmerking geneem word vir die juniorbeker nie!

SWEM	Beste swemmer o/10 - o/11	(seun)
	Beste swemmer o/10 - o/11	(dogter)
	Beste swemmer o/12 - o/13	(seun)
	Beste swemmer o/12 - o/13	(dogter)

Die beker gaan aan die leerder in die spesifieke ouderdomsgroep wat die beste tyd/e op die hoogste vlak tydens SSA galas geswem het deur die loop van die jaar.

ALGEMEEN:

Hoogste prestasie in een of meer van die amptelike sportkodes binne skoolverband (Sportseun)
Hoogste prestasie in een of meer van die amptelike sportkodes binne skoolverband (Sportdogter)



KULTUUR

(Hersien November 2017)

Die norm is gebaseer op die volgende beginsels:

Toekennings word in 3 kodes gemaak:

Uitvoerende kuns:	Dans, drama, sang en instrumentaal
Visuele kuns:	Illustrasie, modellering en skilderkuns
Redenaars:	Voorbereid, onvoorbereid en spanredenaars

GRAAD R - GRAAD 3

1. Geen formele toekenningsgeleenthede vind plaas nie.
2. Indien 'n gr. 3-leerder 10 jaar oud is en in die o/10-ouderdomsgroep deelneem, sal die leerder wel erkenning hiervoor ontvang.

GRAAD 4 - GRAAD 7

1. Slegs leerders wat gedurende 'n kalenderjaar 10 jaar en ouer word, kom in aanmerking vir 'n toekening.
2. 'n Leerder kan slegs een medalje vir 'n kode per jaar ontvang.
3. 'n Leerder kan slegs een balkie vir 'n kode per jaar ontvang.

Wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n medalje en 'n balkie in dieselfde kode, bv. Uitvoerende Kuns, word slegs die hoogste toekening gemaak. Dit is wel moontlik vir 'n leerder om bv. erekleure in redenaars, half-erekleure in visuele kuns en 'n Uitvoerende Kuns-balkie/medalje in dieselfde jaar te verwerf.

Afdeling 1:	Gr. R - gr. 3
Afdeling 2:	Gr. 4 - gr. 5
Afdeling 3:	Gr. 6 - gr. 7

Die kultuurnorm bied geleentheid aan die leerders van Laerskool Fairland om gratis aan 'n interne kunswedstryd, gehou in die derde kwartaal van elke jaar, deel te neem ten einde die volgende doelwitte te bereik:

- Die daarstelling van gelyke geleenthede aan al die leerders ongeag agtergrond, finansiële beperkings of vlak van kundigheid.
- Dat uitmuntendheid bepaal sal word deur 'n stel kriteria wat deur middel van 'n standaard beoordeelstaat gemeet sal word.
- Die kriteria sal ontwikkel word deur die skoolbestuur in samewerking met die beheerliggaam en 'n paneel kundiges op elke gebied.
- Die skool se toekennings sal gebaseer word op die hoogste prestasies wat tydens die kunswedstryd behaal word.
- Beoordeling sal deur 'n onafhanklike paneel kundiges geskied.
- Toekennings word gekoppel aan persentasies soos deur beoordelaars bepaal.
- Uitvoerende Kuns, Redenaars en Visuele Kuns is aparte kodes.

- Daar sal voortaan slegs een inskrywing per deelnemer per item toegelaat word, ongeag of dit individueel of in groepverband is, bv. Slegs EEN inskrywing vir SANG Kontemporêr, of INSTRUMENTAAL kontemporêr of DRAMA samespraak. Die aantal inskrywings per genre hang af van die aantal items per genre. Die deelnemer mag slegs een keer aan elke item binne 'n spesifieke genre deelneem.

LAERSKOOL FAIRLAND KUNSWEDSTRYD

UITVOERENDE KUNS

Die volgende afdelings sal aangebied word: (Laerskool Fairland behou die reg om die afdelings verder uit te brei of in te kort indien die aantal inskrywings dit regverdig.

Gr. R - gr. 3 mag in Rondte 1 deelneem vir kultuurontwikkelingsdoeleindes. **Alle uitslae** (gr. R - gr. 7) sal na afloop van rondte 1 uitgedeel word. Daarna sal slegs gr. 4 - gr. 7 kan kwalifiseer om na die volgende rondte te vorder.

DRAMA (Afrikaans en Engels) *(Beide solo's en groepe mag onder al die afdelings inskryf.)*

1. Lees (voorbereid en onvoorbereid)
2. Prosa (gedramatiseerd)
3. Spreekkore (Kleinkore 6-10) (Grootkore 11-100)
4. Poësie: Eie keuse gedramatiseerd en voorgeskryf ongedramatiseerd
5. Monoloog: Komies
6. Monoloog: Dramaties
7. Storievertelling: Gedramatiseerd, Groep of Individueel
8. Samespraak / Tweespraak
9. Dialoog
10. Spreekkoor
11. Mimiek
12. Oop afdeling

DANS (Solo's en groepe)

HipHop/Crump/Pop and Lock/Breaking/Animation
 Klassieke ballet
 Kontemporêr
 Jazz
 Tradisioneel (Spaans, Afrika, Skotse dans, "River dance", ens.)
 Klopdans/"Tap dance"
 "Free style"
 Choreografie
 Oop Afdeling
 Revue-groepe

MUSIEK: INSTRUMENTAAL

Snaarinstrumente / Strykers / Perkussie / Blaasinstrumente

Klassifikasie

Volgens ouderdomsgroep (Afd. 1, 2 en 3) en tussen tydperke

Barok	1600-1700
Klassiek	1700-1800
Romanties	1800-1900
Kontemporêr	Vanaf 1900s
20ste eeu	Vanaf 2000
Oop afdeling	

10

Alle instrumente kompeteer teen mekaar in dieselfde item, bv. tjello-, klavier- en kitaarsolo's in die kontemporêre groep afd. 2 (gr. 4 en gr. 5)

MUSIEK: **SANG:** (sluit solo's, kore en groepe in)

Klassiek
Jazz / Pop / Rock
Musicals / Movie themes
Afrikaans kontemporêr
Gewyd/Gospel
Tradisioneel/Volksliedjies (enige taal)
Oop afdeling
Kore
Sanggroepe: duo's, trio's, ens.

REDENAARS

Gr. 1 tot gr. 3 (Afd. 1)

Hierdie leerders sal net aan die eerste ronde deelneem (voorbereid)

Hulle sal hul uitslae na afloop van ronde 1 ontvang.

Gr. 4 tot gr. 7 (Afd. 2 & 3)

Dié deel van die kunswedstryd sal apart beoordeel word in twee afdelings (Afd. 2 en Afd. 3) deur kundige, geakkrediteerde beoordelaars van die ATKV **oor 3 rondes**, net soos visuele kuns.

Redenaars moet aan al 3 rondes deelneem. Die punte van al 3 rondes sal bymekaar getel word om 'n gemiddeld te bepaal.

Ronde 1: Voorbereid (afd. 2 & 3) Gr. 6 & gr. 7 (Voorbereid en Onvoorbereid)

Ronde 2: Onvoorbereid (afd. 2 & 3)

Ronde 3: Groepredenaars (3-5 lede) Beide afd. 2 & 3

Ranglys

Aan die einde van die derde ronde word die kwalifiserende redenaars (gr. 4 – gr. 7) se totale punte oor 3 rondes op 'n ranglys van hoog na laag gerangskik, waarna die normkomitee sal besluit watter toekennings hulle voor kwalifiseer.

ATKV-redenaars

Aangesien die skool deelname aan die ATKV-redenaars koördineer (net soos die deelname aan die verskeie olimpiades en die WOW-spelfees) en leerders slegs deur die skool kan inskryf, gee ons erkenning aan redenaars wat deurdring na die landswey finale van die ATKV se redenaars-kompetisie en/of 'n plek in die TOP 20 nasionaal behaal. Die ouer is verantwoordelik vir lewering van stawende dokumentasie om sodanige prestasie te verifieer. Bewyse moet by die Kultuurbestuurder ingehandig word vir prosessering.

VISUELE KUNS

*Hierdie deel van die kompetisie sal oor 3 rondtes plaasvind. Punte/persentasies verwerf oor al 3 rondtes (SLEGS gr. 4 - gr. 7) sal bymekaar getel word om die toppresterders aan die einde van rondte 3 aan te wys. **Leerders moet aan al 3 rondtes deelneem.***

Gr. R tot gr. 3 neem slegs aan Rondte 1 afd. 1 deel.**Uitslae sal na afloop van rondte 1 uitgedeel word.****Gr. 4 tot gr. 7 (Afd. 2 & 3)**

Toekennings sal deur die normkomitee gemaak word gebaseer op die finale punte. Deelnemers verskaf al hulle eie materiale vir die verskillende rondtes volgens voorgeskrewe riglyne.

Die kompetisie sal in die saal plaasvind.

Rondte 1: Illustrasie (Teken en verf)

Deelnemers sal gevra word om 'n skets te maak n.a.v. 'n gegewe tema in 'n voorgeskrewe medium, bv. verf/pastelle/potlood.

Rondte 2: Beeldende kuns

Deelnemers sal gevra word om 'n model/konstruksie in 3D te skep na aanleiding van 'n voorgeskrewe tema. Medium sal vooraf bepaal word (bv. klei, ens.)

Rondte 3: Skilderkuns

Deelnemers sal gevra word om 'n skildery te skep volgens 'n sekere tema met gebruik van voorgeskrewe materiale.

TOEKENNINGS : Fairland Kunswedstryd

Alle toppresterders sal aangewys word in oorleg met die insette van 'n paneel kundige beoordelaars in samewerking met die normkomitee. Hierdie reëling geld vir alle items, afdelings, genres vir die finale rondte van die kunswedstryd. Hulle finale besluite in die verband sal gebaseer wees op die handhawing van standarde met minimum vereistes vir elke aktiwiteit. Die normkomitee behou die reg om die minimumvereistes te bepaal. Geen ateljees of privaatafrigters sal spesiale vermelding op Laerskool Fairland se toekenningsaande kry nie. Leerders skryf in as skoliere van Laerskool Fairland.

Leerders met die topprestasies in elke genre word gekies om teen mekaar deel te neem. Aangesien verskillende panele die verskillende genres beoordeel, mag die persentasies verskil. Om die rede word die leerders volgens rangleer per genre gekies. Derhalwe kan 'n 80% in dans dalk gekies word bo 'n 84% in drama want die danskandidaat is 3de op die dansranglys en die dramakandidaat 16de op die dramaranglys. Dieselfde aantal items word per genre (dans, drama, sang en instrumentaal) gekies vir die finaal.

Uitvoerende Kuns**Rondte 1****AFD. 1 (Gr. R tot gr. 3)**

Gr. R tot gr. 3 sal hulle uitslae na afloop van die eerste rondte van die kunswedstryd ontvang.

AFD. 2 & 3 (Gr. 4 tot gr. 7)

Hierdie afdelings kwalifiseer vir moontlike toekennings in terme van die kultuurnorm.

Diplomas vir Itemwenners

Die wenner van elke item (gr. 4 tot gr. 7) verwerf 'n A4-diploma, bv. Beste leser, Beste dramatiese monoloog.

Voorbeeld:

Indien die hoogste persentasie vir lees 89% is, sal hy dus 'n diploma verwerf, so ook vir beste Balletsolo, Samespraak, ens. Items sal vooraf bepaal word vir elke genre en op die inskrywingsvorms aangetoon word. Diplomas word aan die einde van die jaar saam met die rapporte uitgedeel.

Rondte 2**Uitvoerende Kuns Finaal**

Die toppresterders in Afdelings 2 & 3 neem teen mekaar deel, om 'n rangleer te bepaal. Dus toppresterders in elke genre (Drama, Dans en Sang en Instrumentaal van beide afdelings. Hierdie deelnemers word bepaal deur die hoogste persentasies soos op gemiddeld deur die betrokke beoordelaars aan hulle toegeken vir elke gespesifiseerde item

Medaljes, balkies, half-erekleure en erekleure vir finaliste

Die finaliste wat deelneem aan Rondte 2 sal volgens 'n rangleer, gebaseer op persentasies verwerf by die finaal, kan moontlik kwalifiseer vir een van bogenoemde toekennings soos bepaal deur die normkomitee.

Trofeë

Sal bepaal word na afloop van die finaal (Uitvoerende Kuns) en die finale rondtes van Redenaars en Visuele Kuns.

REDENAARS**Diplomas**

Sal toegeken word vir die wenner van elke rondte, bv., Beste voorbereide toespraak. 'n Ranglys sal opgestel word aan die einde van die derde rondte, gebaseer op die gemiddeld oor 3 rondtes. Medaljes, balkies, half-erekleure en erekleure sal deur die normkomitee bepaal word, gebaseer op finale ranglys.

VISUELE KUNS**Diplomas**

Die wenners van elke rondte sal diplomas verwerf, bv. Beste skilderkuns gr. 4 tot gr. 7 of Beste beeldhouwerk gr. 4 – gr. 7.

TROFEË**Graadwenners:**

Topprestasie in Graad (gr. 4) Algeheel
 Topprestasie in Graad (gr. 5) Algeheel
 Topprestasie in Graad (gr. 6) Algeheel
 Topprestasie in Graad (gr. 7) Algeheel

Beste in genre:

Toppresterder: Dans
 Toppresterder: Sang
 Toppresterder: Instrumentaal
 Toppresterder: Drama
 Toppresterder: Redenaars
 Toppresterder: Visuele Kuns

[Hierdie kan aan individue of 'n groep toegeken word.]

**Die algehele wenner sal 'n wisseltrofee verower met die inskripsie:
Laerskool Fairland Kunswedstryd-Finaal**

**Kultuur
Uitbinker van die jaar**

TROFEE – ALGEMEEN

Wisseltrofee: Veelsydigheid vir akademie, sport en kultuur (gr. 7-seun)

Wisseltrofee: Veelsydigheid vir akademie, sport en kultuur (gr. 7-dogter)

Akademie, Sport en Kultuur buite skoolverband

Geen toekennings of vermeldings sal tydens die prysuitdeling vir enige buite-sport of buite-kultuur of buite-akademie gedoen word nie. Tydens saalopeninge sal sodanige prestasies uitgelees word. Prestasie sal ook in die Vinkie verskyn.

Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die relevante inligting en/of foto aan Adele Ekron per e-pos (info@lsfairland.co.za) te stuur.

Waar van toepassing sal toekennings vir erekleure en half-erekleure dadelik toegeken word na goedkeuring deur die beheerliggaam.

Die normkomitee behou die reg om finale besluit te neem ten opsigte van alle toekennings!